

5. Die Wederkoms

1. Gaan Jesus 'n tweede keer na die aarde toe terugkeer? Kan ons seker wees?

"so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."

Hebreërs 9:28.

"En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.."

Johannes. 14:3.

Antwoord: Ja! In **Matthéüs 26:64** het Jesus ook getuig dat Hy weer na die aarde sal terugkeer.



2. Op watter manier sal Jesus die tweede keer kom?



"En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."

Handelinge 1:9-11.

Antwoord: Die Bybel belowe dat Jesus sal terugkeer na die aarde net soos Hy opgevaar het – **Matthéüs 24:30** sê, "en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlijkheid." Die dissipels het Hom sien opvaar, net so sal ons Hom sien kom. Hy het met 'n wolk weggegaan, so Hy sal met 'n wolk terugkeer. Hy het liggaamlik opgevaar, so Hy sal liggaamlik terugkeer. Sy Hemelvaart was letterlik, liggamlik en sigbaar, so Sy wederkoms sal presies dieselfde wees.

3. Gaan die wederkoms sigbaar wees vir almal of net vir 'n uitgesoekte groep?

"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien."

Openbaring 1:7.

"Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."

Matthéüs 24:27.

"Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlijkheid en dié van die Vader en van die heilige engele."

Lukas 9:26.

Antwoord: Elke man, vrou en kind wat leef met die wederkoms sal Jesus sien. Niemand sal kan wegkruip nie. Elke lewende wese sal Christus moet aanskou.



4. Wie kom saam met Jesus met die wederkoms?



"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;"

Matthéüs 25:31.

Antwoord: Al die engele van die hemel kom saam met Jesus met Sy wederkoms. As die wolk die aarde nader, stuur Jesus Sy engele om die regverdige vinnig bymekaar te maak, vir die tog na die hemel. (**Matthéüs 24:31**).

Die vers sê: "al die heilige engele" kom saam. Dis dalk hoekom Openbaring sê dat daar stilte in die hemel gaan wees.

"En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank." **Openbaring 8:1**

5. Wat is die doel van Jesus se wederkoms na die aarde?

"En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees."

Openbaring 22:12.

"En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

Johannes 14:3.

Antwoord: Jesus kom terug aarde toe om Sy kinders te beloon soos Hy belowe het, en om hulle na die hemelse tuiste te neem wat Hy vir hulle voorberei het.



6. Sal dit 'n geheime wegraping wees?



"Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."

Mattheus 24:27.

"Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God;"

1 Thessaloniense 4:16

Antwoord: Daar is niks stils of geheimsinnigs omtrent hierdie gebeurtenis nie. Weerlig is nie iets wat ongesiens verbygaan nie. Jy sien dit soms, al is jou oë toe. En die geklank van 'n bassuin sal beslis gehoor word!

7. Wat gebeur met die regverdiges met die wederkoms?

"Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."

1 Thessalonicense 4:16, 17.

"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word."

1 Korinthiërs 15:51-53.

Antwoord: Die regverdige dode word opgewek, ontvang perfekte onsterflike liggame soos Christus, en gaan die Here tegemoet in die wolke. Dan ontvang die regverdige lewendes ook verheerlikte liggame en gaan ook die Here tegemoet in die lug. Jesus neem dan die regverdiges saam met Hom hemel toe. **Neem kennis dat Jesus se voete nie die aarde raak met die wederkoms nie.** Die regverdiges gaan Jesus tegemoet "in die lug". God se kinders moet enige verslag ignoreer wat sê dat Christus in Londen, Jerusalem, Los Angeles, Johannesburg ens. is. Valse Christusse sal verskyn en sal wonderwerke op aarde doen (**Mattheus 24:23-27**), maar Jesus bly in die wolke bo die aarde met Sy wederkoms.



8. Wat gebeur met die onregverdiges met die wederkoms?



"maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak."

Jesaja 11:4.

"En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding."

Openbaring 20:5

Antwoord: Die lewende onregverdiges sal deur Jesus gedood word met die wederkoms. Die dooie onregverdiges word nie opgewek nie.

9. Watter soort liggame sal die verlose Heiliges hê?



"Want ons burgerskap is in die hemele van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp."

Filippense 3:20, 21

Antwoord: Liggame soos Jesus se verheerlikte liggaam.

10. Wat was die aard van Jesus se (verheerlikte)liggaam na Sy opstanding?

"En terwyl hulle hieroor praat, staan Jesus self in hul midde en sê vir hulle: Vrede vir julle! Toe het hulle verskrik en baie bang geword en gemeen dat hulle 'n gees sien. En Hy sê vir hulle: Waarom is julle ontsteld en waarom kom daar twyfel in julle hart op? Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie. En terwyl Hy dit sê, wys Hy hulle sy hande en sy voete. En toe hulle van blydschap nog nie kon glo nie en hulle verwonder, sê Hy vir hulle: Het julle hier iets om te eet? Daarop gee hulle Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek. En Hy het dit geneem en voor hulle oë geëet."

Lukas 24:36-43



Antwoord: Jesus se liggaam was vlees en bene, en hy het ook honger geword en ook geëet.

11. Hoe beïnvloed die wederkoms die aarde?



"En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie so 'n geweldige groot aardbewing." "En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie." "en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval."

Openbaring 16:18, 20, 21

"Kyk, die HERE maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners." "Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want die HERE het hierdie woord gespreek."

Jesaja 24:1, 3.

Antwoord: Die aarde word getref deur 'n groot aardbewing. Die aardbewing is so groot dat dit die aarde in 'n toestand van totale vernietiging los.

12. Is dit vir ons moontlik om die presiese datum van Jesus Christus se koms te weet?

Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.
Lukas 24:36-43

Antwoord: Ons kan beslis nie die presiese dag weet nie.



13. Kan ons volgens die Bybel sien dat die wederkoms van Christus naby is?

Antwoord: Ja, ons kan. Jesus self het gesê:

"So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur."

Matthéüs 24:33.

A. Vernietiging van Jerusalem

"daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie."

Matthéüs 24:2

Antwoord: The Siege of Jerusalem in the year 70 CE was the decisive event of the First Jewish-Roman War. The Roman army, led by the future Emperor Titus, with Tiberius Julius Alexander as his second-in-command, besieged and conquered the city of Jerusalem, which had been occupied by its Jewish defenders in 66.

http://en.wikipedia.org/wiki/Siege_of_Jerusalem_%2870%29

B. Verleiding en vals Christusse.

"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei." **Matthéüs 24:4, 5**

Antwoord: José Luis de Jesús Miranda (born April 22, 1946 in Ponce, Puerto Rico) is the founder and leader of Creciendo en Gracia (Growing In Grace International Ministry, Inc.), based in Miami, Florida. He claims to be both Jesus Christ returned and the Antichrist, and exhibits a "666" tattoo on his forearm. He has referred to himself as Jesucristo Hombre, which translates to "The Man Christ Jesus".

http://en.wikipedia.org/wiki/Jos%C3%A9_Luis_de_Jes%C3%BA

C. Oorloë en gerugte van oorloë

"En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie." **Matthéüs 24:6**

Antwoord: According to SIPRI, the Stockholm International Peace Research Institute, the governments of the world spent \$1.4 trillion on arms and the military in 2007, an increase of almost 50% compared to a decade ago. World military expenditure is estimated to have been \$1630 billion in 2010, and roughly the same in 2011

<http://filipspagnoli.wordpress.com/stats-on-human-rights/statistics-on-war-conflict/statistics-on-military-spending/#1>

D. Hongersnode en pessiektes en aardbewings

"Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke." **Matthéüs 24:7**

Antwoord:

http://www.thp.org/learn_more/issues/know_your_world_facts_about_hunger_and_poverty?gclid=CM6RlbKdL7ECFRljfAodsDMLeQ

<http://earthquake.usgs.gov/earthquakes/map/>

E. Verdrukking en vervolging

"Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat"

Matthéüs 24:9, 10

Antwoord: "... a priest and two or more lay people [must] diligently... search out heretics... If they discover a heretic, follower, patron, or protector of heretics, they must, taking precaution that they do not escape, quickly notify the bishop and mayor of the place or his bailiff so they will be duly punished... The house where a heretic is found must be torn down and the property must be confiscated. All members of a parish shall vow to the bishop under oath that they will preserve the Catholic faith and will persecute heretics according to their power. This oath must be renewed every two years. Lay people are not permitted to possess the books of the Old and New Testament, only the Psalter, Breviary, or the Little Office of the Blessed Virgin, and these books not in the vernacular language. Pastors must explain these regulations to their parishioners four times a year."

<http://www.scrollpublishing.com/store/Inquisition.html>

"The Catholic Church is a respecter of conscience and of liberty... Nevertheless, when confronted by heresy, ... she has recourse to force, to corporal punishment, to torture... She lit in Italy... the funeral piles of the Inquisition."

Catholic Professor Alfred Baudrillart *The Catholic Church, Renaissance and Protestantism* Pg. 182,183

"Experience teaches that there is no other remedy for the evil, but to put heretics (Protestants) to death; for the (Romish) church proceeded gradually and tried every remedy: ..."

Cardinal Bellarmine; Famous Champion of Romanism Cited by Schumacher

"Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin,"

Daniël 7:21

"En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee en veertig maande lank te doen."

Openbaring 13:5

Openbaring 11:3 ... 'n duisend tweehonderd en sestig dae

Openbaring 12:6 ... 'n duisend tweehonderd en sestig dae

Openbaring 11:2 ... twee en veertig maande

Openbaring 13:5 ... twee en veertig maande

Daniël 7:25 ... 'n tyd, tye en halwe tyd

Daniël 12:7 ... 'n tyd, tye en halwe tyd

Openbaring 12:14 ... 'n tyd en tye en 'n halwe tyd

3 ½ jaar = 42 maande = 1260 dae

"The legally recognized supremacy of the pope began in 538AD when there went into effect a decree of Emperor Justinian, making the bishop of Rome head over all the churches, the definer of doctrine and the corrector of heretics.

History of the Christian Church Vol. 3 Pg 327

538 + 1260 jaar = 1798

"In 1798, he (Berthier) made his entrance into Rome, abolished the papal government and established a secular one."

The Encyclopaedia Americana, 1941 edition

F. Die son verduister, die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val.

"En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word."

Mattheus 24:29.

"Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom." **Joël 2:31.**

Antwoord: "On the 19th of May, 1780, this prophecy was fulfilled. It was not an eclipse. Timothy Dwight says, "The 19th of May, 1780, was a remarkable dark day. Candles were lighted in many houses; the birds were silent and disappeared, and the fowls retired to roost. ... A very general opinion prevailed, that the day of judgment was at hand. From soon after sunset until midnight, no ray of light from moon or star penetrated the vault above. Though the moon that night rose to the full, it had not the least effect to dispel the death-like shadows." After midnight the darkness disappeared, and the moon, when first visible, had the appearance of blood."

Connecticut Historical Collections- John Warner Barber

"The great star shower took place on the night of November 13, 1833. It was so bright that a newspaper could be read on the street. One writer says, "For nearly four hours the sky was literally ablaze."

Peter A. Millman, The Telescope, 7 (May-June, 1940) 57.

G. Valse profete, ongeregtheid vermeerder, liefde verkoel

"En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel." **Matthéüs 24:11, 12**

H. Maar al hierdie dinge is maar nog net die begin. Dit is nog nie die einde nie.

"Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte." **Matthéüs 24:8**

I. Die HELE wêreld moet eers die evangelie hoor voor die einde.

"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom." **Matthéüs 24:14**

I. Verdrukking en vervolging soos nog nooit was en weer sal wees nie.

"Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word." **Matthéüs 24:21,22**

K. Jesus kom op die wolke

"En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid." **Mattheus 24:30.**

14. Hoe beskryf ander Bybelboeke die tekens?

A. Regering – Arbeider probleme

" Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is, roep uit; en die geroep van die maaiers het gekom tot in die ore van die Here van die leërskaars. Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want die wederkoms van die Here is naby." **Jakobus 5:4, 8.**

Probleme tussen regering/werkgewer en die arbeider/werknemer is voorspel vir die laaste dae. Vir die vervulling daarvan lees maar net die koerante.

B. Oorloë en opstande

" En wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie skrik nie; want dié dinge moet eers plaasvind, maar dit is nie dadelik die einde nie." **Lukas 21:9.**

Oorloë en verwoesting van menslike ellende beïnvloed duisende wêreldwyd. Net Jesus se spoedige wederkoms kan 'n einde aan die pyn en verwoesting bring.

C. Oproer, vrees, and omwenteling

" en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun; en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom."

Lukas 21:25, 26.

Hierdie klink baie soos die artikels in die koerante vandag. Is dit nie 'n prentjie van die wêreld vandag nie. Dink aan die tsunami, tornado's en baie ander dinge wat oor die wêreld kom.

D. Vermeerdering van Kennis.

"En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder." **Daniël 12:4.**

Ons leef mos nou in die informasie era, so selfs die mees skeptiese verstand behoort te sien dat hierdie profesie vervul word op die oomblik. Kennis ontplof omtrent nou in ALL rigtings. Dit word geraam dat 80% van die wêreld se kennis vermag is in die laaste dekade en 90% van alle wetenskaplikes wat ooit geleef het, vandag leef. Kennis van die woord van God vermeerder onsettend. Dis die eintlike kennis wat sal vermeerder in die laaste dae.

E. Spotters en gelowiges wat wegdraai van die Bybelse waarhede af.

"Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel." **2 Petrus 3:3.**

" want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.." **2 Timotheus 4:3, 4.**

Dit is nie vandag moeilik om spotters te kry sodat hierdie profesie vervul kan word nie. Selfs geestelike leiers ontken die eenvoudige Bybelse leënings aangaande die skepping, die vloed, die Goddelikheid van Christus, die wederkoms van Christus, en baie ander belangrike Bybelse waarhede. Die leer van die sielkunde en tradisies het die Bybel vervang in baie geestelike kringe. Sekulêre onderwysers leer ons kinders om met die Bybelse waarhede te spot, en dit te vervang met evolusie en ander mensgemaakte valse leerstellings. Dit in teenstelling met die eenvoudige feite van God se Heilige Woord.

F. Morele agteruitgang – Afname in Geestelikheid

"Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af." **2 Timotheus 3:1-5.**

Die wêreld is in 'n vreeslike krisis. Mense van alle vlakke in die samelewing sê dit. Selfmoord is deesdae 'n gewilde oplossing vir menslike probleme. Egskeiding syfers skiet die hoogte in, met omtrent een uit elke twee huwelike wat in die skeihof eindig. Vir 'n regte skok, kyk hoeveel van die eind tye sondes wat gelys word in **2 Timotheus 3:1-5** kan in die naweek se Sondagkoerant raakgelees word. Niks behalwe die wederkoms van Christus kan die vlag van boosheid tot 'n einde bring nie.

G. Vernietigende aardbewings, storms en hongersnode.

"En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiëktes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom." **Lukas 21:11.**

Aardbewings, tornados, vloede, ens. vermeerder elke jaar, of moet ek sê maand. 'n Derde van die mense van die wêreld is honger, en duisende sterf daagliks van die honger. Hierdie is alles vêrdere bewys dat ons in die aarde se laaste ure leef.

H. 'n Swaai na spiritisme.

"Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang." **1 Timotheus 4:1.**

"Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen." **Openbaring 16:14.**

Mense vandag, en dit sluit 'n groot hoeveelheid leiers van nasies in, soek raad by spiritistiese mediums. Spiritisme het ons Kerke binnegedring, met die vals leerstelling van die onsterflike siel.

15. Hoe kan ek seker maak dat ek nie verlei word nie?



"Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen."

Openbaring 16:14.

"hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei."

Matthéüs 24:24.

"Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie."

Jesaja 8:20.

Antwoord:

Satan het baie vals leerstellings uitgevind omtrent die wederkoms en verlei so miljoene dat Christus alreeds gekom het of dat Hy sal kom op 'n onbybelse manier. Maar Christus het ons hieromtrent gewaarsku toe Hy gesê het "Pas op dat niemand julle mislei nie."

Mattheus 24:4. Dan ontbloom Hy satan se planne en waarsku ons, "Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê." **Matthéüs 24:25.** Jesus het onder andere spesifiek gesê dat Hy nie in die woestyn of binnekamer sal verskyn nie (verse 26). Daar is geen rede om verlei of bedrieg te word nie as ons leer en glo wat die Bybel hieroor sê nie. Andere wat dit nie doen nie, sal bedrieg word.

16. Omtrent watter gevaar waarsku Jesus ons?

"Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie."

Matthéüs 24:44.

"Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie."

Lukas 21:34.

"En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. "

Matthéüs 24:37-39.



17. Wat het gebeur in die tyd van Noag?



“Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld. Toe sien God die aarde aan, en—dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe. En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg.

Genesis 6:5, 11-13

Antwoord: Die groot gevaar is om so besig te raak met die dinge van die lewe, dat die wederkoms van Christus ons sal bekruij soos die vloed in die tyd van Noag, en ons dalk verras, onvoorbereid, en verlore sal wees. Dit sal die ondervinding van miljoene wees. Hoe gaan dit met ons op die oomblik? Jesus kom binnekort terug, nog in ons leeftyd. Is ons gereed. Niks anders maak saak nie!

Ten Slotte – NB !!!

Ek het hierdie studie uit die Bybel saamgestel met die lig tans tot my beskikking. Mense kan hiervan verskil en ek sal graag wil weet van **Bybelse** bewyse waar ek dalk mag dwaal of verkeerd is. Laat weet my asseblief by onderstaande kontak besonderhede, sodat ons kan saamwerk om die Woord van God en Sy volle waarheid te kan verkondig. Ek glo ook dat daar nie kopiereg op die Woord van God geplaas kan word nie, so dupliseer en versprei hierdie dokument asseblief as u meen dit is Bybels korrek. Bybeltekse aangehaal uit die Afrikaanse 1953 vertaling.

Fanie Fourie	Selfoon	Fax	E-Pos
Posbus 493	072 500 3934	086 573 3934	fanie@dievollewaarheid.org
Christiana, 2680			